Pasga

G. J. Du Preez 072 1876 076

Pasga

Om die Pasga te bepaal moet daar eers na sekere feite gekyk word, want die slang geslag is slu en verduister die waarheid vir die uitverkore.
In die Skrif vind ons die kalender wat gevolg moet word (*Tog volg die meerderheid die maan kalender*). Buiten die Skrif kalenders doen ons tans die'Romeinse Gregoriaanse'een wat weer met die son werk. Die meeste kalenders kyk na die aarde en die hemelliggame om tyd en tye te bepaal om sodoende hulle kalender daarvolgens te kan regverdig.

Kom ons kyk na 'n klompie vrae sodat ons ook by antwoorde kan uitkom:

a) Wat is die eerste maand van die jaar se naam? Abib; Nisan of Januarie!
b) Die ligte van Gen.1:14, wat was dit?
c) Waarmee sal die dag, maand, jaar en feeste bepaal en onderskei word?
d) As Abib die eerste maand van die jaar is, in watter seisoen val dit?
e) Watter maand en seisoen is dié Gesalfde gefolter?
f) Watter Pasga het YAHUSHA geëet voor Sy dood?

a=) In Ex.12:2; 13:4 ; Deut.16:1 wat die Pentateug (*5 boeke van Moses wat die Wet bevat*) is lees ons duidelik dat"Abib"die eerste maand van die jaar is.
b=) YAH sê in Gen.1:14: "*Laat daar ligte wees wat lig gee*". Al wat kan lig gee is die Son en sterre en nie die maan nie, want hy reflekteer net lig.
c=) YAH sê: .. *"om skeiding te maak tussen dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare"* (die son en die sterre). Wat by 'n mens opkom is dat maande kort, maar lees mooi, daar staan "*tekens*". Die sterre wys vir ons die maande in die sogenaamde "diereriem". Daar is 12 verskillende sterretekens in die hemelruim waarvan die dag nagewening (equinox) van die seisoene bepaal kan word.
d=) Abib is die reënseisoen. Lees KJV Jool.2:23 ... "*rain in the first month*" . 1 Kron.12:15 staan dat die Jordaan rivier sy walle oorstroom het in die eerste maand en dit gebeur slegs in die lentereën seisoen.
e=) In die maand Abib, YAHUSHA dié Paaslam. Deut.16:1; Jes.53:7; Joh.1:29; Hand.8:32; Open.5:8.
f=) Om die Pasga maal van YAHUSHA uit te wys as die regte een moet ons na die volgende kyk; Merkurius, Mars en die ander planete wentel almal bo die Aarde waarvan die Son en maan die naaste aan die Aarde beweeg. Merkurius vat 88 dae om sy baan om die Aarde te voltooi. Mars vat 687 dae en die Son vat 365 ¼ dae om sy baan om die Aarde te voltooi.

Skets (a)



Die son soos die maan wentel in sy eie baan om die aarde. Die aarde staan vas op sy pilare met geen beweging nie (*Ps.75:3; Job.9:5-10*). Die Son en Maan wentel bo die Aarde om die magnetiese punt op die Aarde. Die Son se baan is so uitgelê dat dit seisoene op die Aarde gee. Die aarde is verdeel in daardie bane van die Son (*Die senterpunt is die "Noorde" punt*). Die vêrste punt rondom die Noorde punt is die "Suide". Die noordelike punt se seisoene is die teenoorgestelde van die suidelike sin. Die eerste dag van 'n jaar word bepaal deur dag nagewening *(Dag nagewening beteken gelykstaande).* Gedurende die dag nagewening tyd is die ure van die dag gelykstaande as die nag sin. Beide van hulle is 12 ure lank. In Ex.12:2 sê YAH vir Moses: *Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.* 1 Abib is 'n hoë afgesonderde dag van die jaar, dit is die eerste dag van die jaar (*Trompette / Nuwejaar fees*) wat die begin van alles is wat voorlê vir die jaar (*Shabbat en Shabbatte*). M.a.w. die maand Abib *(Maart/ April)* is die eerste maand, waarvan ons weet dat lente (*soos bo bespreek was*) begin. Om die dag-nagewening te bepaal van 'n jaar werk hulle op die hoogste punt van die son (*rondom 12 uur*) en nie die maan nie. Die noordelike lente maand is tussen 20/21ste Maart.

Dag-nagewening (Equinox)

Henog. 72 beskryf hy die Son en Seisoene.



Nou dat ons weet hoe om by die eerste dag van die jaar uit te kom moet ons nou die ure van die dag bepaal sodat ons 'n onderskeid kan maak tussen dag en nag. In Gen.1:19 staan: YAH spreek en sê: "*laat daar wees"*, en dit was so; "*en dit was aand en môre die eerste dag"* tot die sewende dag. Let op dat 'aand' eerste was dan die môre en daarbenewens moet die aand eerste bepaal word. Die dag nagewening wys ons dat dit die beginpunt en eindpunt is van die maande of die seisoene wat voorlê wat in die 'aand' begin het.

In kort oor die 'aand' kwessie van Gen. 1. Ons lees dit in die gebed in Matt. 6:11 oor die 'brood' en dan weer oor die kwartels en 'Manna' in Ex.16:13–15. YAHUSHA leer ons in die gebed dat die brood die manna is wat ons vroeg in die môre moet ontvang, maar as ons mooi lees in Ex.16 sal ons sien dat die kwartels eerste gegee was as voedsel en dat hulle dit in die aand ontvang het. Nie in die nag nie, want hulle moet dit vang en gaan braai of kook om te eet. Dus die uitwysing dat die dag begin het op die aand wat na 12 uur die middag moet wees sodat hulle kon sien om te kan vang en braai ens. (*terwyl die son nog skyn*). Dit beteken dat dié aand van 12 tot 6 uur moes wees en die volgende môre van 6 tot 12 uur nie *(Dit is wel 2 halwes van 'n volle ligdag*).

Die 12 uur beginpunt is die beginpunt van die son se sonlyn *(ewenaar)* beweging om die aarde (Henog.72). Die eerste Abib *(20 st Maart)* begin om 12 uur op die horlosie onder. Soos ons weet het die mens vroeër met 'n sonhorlosie gewerk waarvan dit met grade gewerk het. Ons in die moderne era het later bekend geword het met ure en minute. Die horlosie onder in skets (**c**) is opgedeel in 30° seksies wat die omwenteling in 12 eweredige dele in verdeel *(12 dele = 12 maande {12 stamme})*.



Tot inligting: Die maan kalender is daar vir die Jode waar geen son is nie. Die son kalender (*Gregoriaanse of Rooms-Katoliek kalender*) is daar vir die Christendom *(alleman*). Tog werk hulle met 'n 12 uur dagverdeling snitte en nie in die nag wat sonder son is nie. Die Skrif kalender het nie met die son of die maan te doen nie(Tog deel die son van YAH die dag en die sterre die nag)

In die beginjare op aarde het die profete grade soos Noag gebruik. In Gen.8 staan van dae en maande voordat die Ark kon geopen en verlaat kon word. Noag wat slegs 'n dag kon uitken soos YAH dit deurgegee het, het dit so "aangeteken" 150 ÷ 5 = 30 dae, *(AMP Skrif)* 30 dae = een maand. Baie het verduidelikings hoekom die aarde voor die vloed 30 dae gehad het en na die vloed meer dae. Min wetend het hulle grade gebruik en nie ure nie. Skets b en c bo wys die grade wat die son beweeg om die aarde M.a.w. 12 uur = 0°; 2 uur = 30° ; 6 uur = 90°. Dit wys jou presies waar die son se ligging is om die aarde. Die Profetiese jaar = 360°en nie 360 dae nie, m.a.w. 360° = 1 dag en 150 dae = 5 maande

---

VADER het presies geweet waarmee die slang geslag besig me was en waarvan hulle die tyd, grade, ure, min en feeste geassimileer het (Dan.7:25).

Ons gaan voort met die Pasga.
Opdrag word gegee aan Moses in Egipte dat die volk per gesin 'n lam moet neem, slag, laat uitbloei, bloed verf, vuur voorberei, die hele lam spitbraai, opeet en dan dit wat oorbly verbrand voor middernag *(Daar was nie elektrisiteit dat hulle maklik oor die weg kon kom nie).*Volgens die slang geslag moet die lam se keel eers sononder gesny word ! *(met hulle maan kalender)*. Dit is hoekom hulle so ernstig was dat gefolterde manne van die pale moes afkom, want hulle gaan nou op hulle beurt Paasfees hou *(Luk.22:1),* m.a.w. hulle dag begin 6 ure later as die *Yashar'EL* sin. As jy die donkerte moet dophou *(soos die adders)* elke aand sal jy sien dat dit langer lig is in die somer, maar as jy die sonwyser neem sal die son jou wys dat die aand of sonsondergang presies na 12 uur is. M.a.w. die slang geslag se kalender moet kort-kort aangepas word waarvan Moses en Noag s'n nooit hoef aangepas te word nie. Hetsy waar jy op die aarde is sal die 12 uur tydslyn van die son altyd dieselfde wees en nie die maan s'n nie.

Skets (d) Let nou mooi op na skets (**d**)



(Die maankalender het sy ontstaan uit Babilon en daarbenewens die verwarring)

Skets (e) Son en Sterre aanwyser Gen.1:14



Matt.20:3-6; 27:45,46; Joh.4:6; 19:14; Hand.10:19; Mark.15:34
Al die skrif verwysings bo sal jy lees van ure wat hulle gebruik het en dit moet op skets (**e**) toegepas word. Om dit te kan doen is dit maklik om tyd uit te wys wat die slang geslag ook uitwys(*wat vir ons verduister was vir baie jare*).
Bv. 3 de uur = 6 uur of 9 de uur = 12 uur, m.a.w. YAHUSHA het die Pasga lam om 12 uur *(9 de uur)* in gereedheid laat kry *(Mark.14:12,16)*. YAHUSHA het 3 uur *(12 de uur)* met Sy dissipels ingegaan om die maaltyd in eerbied te geniet *(Mark.14:17)*. YAHUSHA en Sy dissipels verlaat die huis en gaan na die tuin Getsémané tussen 3 en 6 uur*(12 en 11 de uur) (Mark.14:32)*YAHUSHA gaan bid in die eerste nagwaak *(Mark.14:37-41 Om en by 6 uur, 8 uur en 10 uur)*.YAHUSHA word in gevangenskap veroordeel en aangehou *(Mark.14:53 (11 uur)* Petrus verloën YAHUSHA in die laaste nagwaak. *(Mark.14:68; 5 tot 6 uur in die môre)*. YAHUSHA word na Petrus se geval na Pilatus gevat *(Mark.15:1; 7 uur)*. YAHUSHA word gefolter *(9 uur/6 de uur in die môre (Mark.15:25)*. Die sesde uur kom duisternis tot die negende uur. *(Mark. 15:33, 34 ; 9 uur tot 12 uur)* YAHUSHA sterf *(Mark.15:37 om 12 uur)*. Om vraag "f" af te sluit, wys die sketse, ons duidelik dat daar 'n dag verkul is tussen hulle Pasga en dié Gesalfde sin. Eseg.43:8 sê duidelik dat daar 'n tweede Pasga is, *1 Abib en 1 Nisan,* waarvan 1 Nisan nie die ware Pasga is nie. Die naam Nisan beteken, swewende maand en of 'n draagbare, omgekeerde, geïsoleerde struktuur *(hut) (en omgekeerde orde)*.

In 2 Kon.17:30 lees ons van die slang saad se god en aanbidding: *"Babel het Sukkot–Benot gemaak"* Sukkot is 'n hut wat die Jode *(voordat hulle in Samaria ingetrek het)* in bid, eet en hulle god aanroep tot vandag toe. Ons wat die fees van die Tabernakel hou, rus en slaap net daarin - die teenoorgestelde as hulle. Dit is verkeerdelik in die Skrifte vir ons oor vertaal dat die volk dink dit moet hutte wees. Lees gerus die KJV. Lev.23:34; Deut.16:13,16; Hos.12:9; Sag.14:16-19; Joh.7:2. Lees gerus 2 Kon.17 en jy sal sien dat al die gemengde volke wat in Samaria ingetrek het, geleer was om YAH te erken, maar tog aangegaan het met hulle gode aanbidding.

Die addergeslag het hul sukkotte *(hutte)* in die plek van *('antie') Yashar'EL* se tabernakels gebou. Ons bou 'n skuiling gemaak van takke en dit dien as bedekking. Hulle slaap nie in hulle "sukkot- benot" nie, maar eet en drink... Doen gerus verdere ondersoek na die addergeslag se hutte fees en jy sal optel dat hulle hul fees die 15 de Nisan hou en nie die 14 de Abib nie. Hulle noem die 14 de dag, die dag van voorbereiding,vir hulle groot fees en nie Pasga nie.



Duidelik kan ons nou sien dat YAHUSHA die Pasga op die 14 dag gehou het en die adders eers die volgende dag die15de.YAHUSHA(*dié Volmaakte Lam)* het die volmaakte tyd daar gestel. As daar nou opgelet word teenoor die oggend ure en die aand ure sal jy sien dat dit 'n spieëlbeeld is. Net na 12 uur sterf die lam vir Pasga en net na 12 uur sterf dié "LAM" vir ons, en beide was op die 14de Abib. Sonder twyfel kan ons nou ons kalender daarvolgens instel.

Skets (g) Die uitwys wanneer 'n dag begin



Die 15 de dag soos alle dae begin die vorige dag, m.a.w. om 12h00 die 14 de begin die 15 de



Lees mooi: toe die Shabbat verby was het hulle speserye gaan koop en toeberei en eers die volgende oggend na die graf gegaan Mark.16:1,2; Luk.24:1; Joh. 20:1 Matt.28:1. Eenmaal 'n jaar is die "Pasga" vier dit, want dit is belangrik.

Die Verbond wat YAHUSHA met Sy dissipels op Pasga gesluit het kan deur die jaar gehou word,maar nie Pasga nie (*lees aan die onderkant om te verstaan*).



Die boonste grade(*Sonwyser van Agas Jes. 38:8*) was gebruik in die Skrifte. Die onderste grade is die hedendaagse horlosie tyd.

(a) Daar is 3 ure tussen die sonwyser en die horlosie tyd.

(b) Die son begin op die eerste 30° op die sonwyser. Werk kon begin op 30° tot 150°, maar werk het op 120° gestaak. Van 0 tot 9 is 6 uur tot 3 uur. Hoekom? (1) Omrede die wat na werk kos moes koop vir hulle en hulle gesinne op pad huis terwyl dit daglig was. (2) Gevare van rowers en wilde diere was dan beperk gedurende daglig (*3 uur later sal dit dus donker wees*).

(c) Interessant YAH sê dat Sy Gees net 120 j (120°) in die mens sal wees of 120 Jubel jare wat 6000 jaar is. So kan jy baie uit die twee sketse uithaal.

Kom ons kyk na Josua.

Josua kry ‘n besoek en ‘n opdrag van ‘n “Boodskapper” (*YAHUSHA Seun van VADER*) dat hy om Jerigo moet trek. Met die opdrag kom sekerlik vrae, want dit lyk asof hulle op ‘n Shabbat die stad moes inval, m.a.w. nou moet ons mooi lees wat daar in die Skrif staan anders gaan ons ‘n verkeerde interpretasie / afleiding maak.

(*Ek werk met die sonwyser waarvan die vorige dag 12nm tot 6nm (6ure) saam met die volgende dag se 6vm tot 12vm (6ure) wat vir jou 12 ure daglig gee Luk.6:1 M.a.w. 12 ure daglig en 12 ure nag gee vir jou 24 uur ‘volle dag’ siklus. Lees gerus Gen.1:5 ..en dit was aand en dit was môre…)*

Verstaan eers die kalender voordat jy verder lees. Dag '1' is Sondag tot dag '7' Shabbat/ Saterdag. Pasga is relevant en soos gesien kan word kort dit die eerste dag. Wat belangrik is om die eerste en tweede dag te sien soos ek dit bo verduidelik het. 7/1 In kalender beteken: 7= ½ dag Saterdag / Shabbat en 1= ½ dag Sondag. Dus is dag 7 in die kalender Shabbat en Sondag

Dag 1. Son	Dag 2. M	Dag 3. D	Dag 4. W	Dag 5. D	Dag 6. V	Dag 7. Sha
2de dag van Pasga/brood	3de dag van Pasga/brood	4de dag van Pasga/brood	5de dag van Pasga/brood	6de dag van Pasga/brood	7de dag van Pasga/brood	7/1 Son Josua
Son 1/2	2/3	3/4	4/5	5/6	6/7	7/1
Eerste	*Tweede*	*Derde keer*	*Vierde*	*Vyfde*	*Sesde*	

Jos. 6:14 So het hulle dan op die tweede dag die stad een keer omgetrek; daarna het hulle in die laer teruggekom. So het hulle ses dae lank gedoen.
Jos. 6:15 Maar op die sewende dag {King James Skryf sê "of the day", m.a.w. deel van die dag, m.a.w. 'n halwe dag} *het hulle vroeg klaargemaak toe die rooidag uitkom, en die stad op dieselfde maniér sewe maal omgetrek; net maar dié dag het hulle die stad sewe maal omgetrek.,*

M.a.w. Die 2de dag bo het reeds om 12 uur die 1ste begin. As dit nie so is nie dan het YAH vir Josua op 'n Shabbat laat weg wat ontoelaatbaar en teen YAH se Gebooie is. Josua ontvang 'n opdrag (*Sondag*) die 1ste dag, en loop een maal om Jerigo, en so doen hy vir 6 dae lank. Op die 6 de se oggend (*Die aand is reeds eenmaal geloop maar die môre moes hulle sewe maal loop*) moet hulle 7 maal om die stad loop. Kyk nou hoe mooi val dit in plek. Na Shabbat 12 uur *(m.a.w. die 1 ste van die maand wat pas verby was en oorgegaan het na die 2 de)* stap hulle een maal om die stad, tot die 6 de van die maand (*elke dag na 12 uur behalwe die eerste en die laaste dag*). Die 6 de van die maand wat die 5 de begin het om 12 uur *(Donderdag)* moet hulle 7 maal omloop. Dit was feitlik nog donker, m.a.w. so 5 uur die môre het hulle reeds begin om, om die stad te stap, want hulle moes voor 12 uur klaar wees. Voor 12 uur, die 6 de van die maand, *(voor die 7 de aangebreek)* het die mure van Jerigo geval en Josua met sy manne het die stad binne geval en verower. Hulle het presies 6 ure ligdag gehad om daardie stad te verower. Baie sal vra: maar hoe kon hulle? In Jos. 6:20 staan: "*en die volk het in die stad geklim, elkeen reg voor hom uit"*. Wat dit vir my sê is dat die stad omsingel was. Jerigo was ± 1000 m x 300 m groot, maar was 'n sterk ommuurde stad. Jerigo was die deur tot die land Kanaän kan jy sê, wat verower moes word en om al die ander volke in daardie streek skrik te maak wat ook verower moes word soos Jerigo. *Yashar'EL* op hulle beurt het niks gehad om so 'n stad aan te val nie,daarom YAH hulle gehelp deur die val van die mure.

Opsommend kan ek nou sê dat hulle 6 dae om die stad gestap het en die stad omsingel het, want die stads oppervlak was klein, en dat hulle wel op die Shabbat gerus het.

Dit is ‘n 24 uur horlosie.



12

Die tydwyser begin op “O” bo aan die horlosie. M.a.w. na 12 uur [12h00] wanneer die middag begin.

1) Van 12 uur tot 6 uur gee dit vir jou 6 ure. [Aand, wat lig is]
2) Van 6 uur die aand tot 6 uur die môre gee dit vir jou 12 ure. [Nag]
3) Van 6 uur tot 12 uur gee dit vir jou 6 ure. [Môre, wat lig is]

6 ure Lig + 6 ure Lig = 12 ure Lig, en 12 ure Nag Donker wat vir jou ‘n 24 ure dag gee.

En dit was Aand en dit was Môre die eerste dag, en YAH het gesê: “dit was goed” (Gen.1:4).

Mense jou Shabbat begin om 12 uur Vrydag tot 12 uur Saterdag. Ons is kinders van die lig en nie van die nag nie! Kinders van die nag (Jode) doen die Shabbat van sononder tot sononder. Daarom werk hulle met die maan wat in die nag is, i.p.v. lig. Dit is hulle instelling nie ons sin nie!

[kyk na jou Moslems hulle weet wanneer die dag begin. Ons het ons Sede wyser verloor, nie hulle nie]!

{Kry die traktaat: Hoekom ek Shabbat hou van 12 uur}

Volg hier langsaan die 6000j kalender waar ek van die eerste dag uitwys tot die wederkoms:

6000 jaar kalender van die skepping tot die wederkoms

-6	6	1114		2150		3270		4334		5454	
0	**5**	1142		2178		3298		4362		5482	
5	6	1170		2206		3326		4390		5510	
11	11	1198		2234		3354		4418		5538	
22		1226		2262		3382		4446		5566	
50		1254		2290		3410		4474		5594	
78		1282		2318		3438		4502		5706	
106		1310		2346		3466		4530		5734	
134		1338		2374		3494		4558		5762	
162		1366		2402		3522		4586		5790	
190		1394		2430		3550		4614		5818	
218		1422		2458		3578		4642		5846	
246		1450		2486		3606		4670		5874	
274		1478		2514		3634		4698		5902	
302		1506		2542		3662		4726		5930	
330		1534		2570		3690		4754		5958	
358		1562		2598		3718		4782		5986	
386		1590		2626		3746		4810		6014	6
414		1618		2654	6	3774		4838		**6020**	**5**
442		1646	6	**2660**	**5**	3802		4866		6025	6
470		**1652**	**5**	2665	6	3830		5622		6031	11
498		1657	6	2676	11	3858		5650		6042	6
526		1663	11	2682		3886		5678		**6048**	**5**
554		1674		2710		3914		4894		6053	6
582		1702		2738		3942		4922		6059	11
610		1730		2766		3970		4950		6070	
638		1758		2794		3998	6	4978		6098	
666		1786		2822		**4004**	**5**	5006		6126	
694		1814		2850		4009	6	5034		6154	
722		1842		2878		4015	11	5062		6182	
750		1870		2906		4026	6	5090		6210	
778		1898		2934		**4032**	**5**	5118		6238	
806		1926		2962		4038	6	5146		6266	
834		1954		2990		4054	11	5174		6294	
862		1982		3018		4082		5202		6322	
890		2010	6	3046		4110		5230		6350	
918		**2016**	**5**	3074		4138		5258		6378	
946		2021	6	3102		4166		5286		6406	
974		2027	11	3130		4194		5314		6434	
1002		2038		3158		4222		5342		6462	
1030		2066		3186		4250		5370		6490	
1058		2094		3214		4278		5398		6518	
1086		2122		3242		4306		5426		6546	

Die 6000jaar kalender hier langsaan is opgedeel in 28jaar siklusse. Dus is elke jaar uitwysing 28jaar verskillend van mekaar. Bo het ek genoem dat ek met die uittog kalender werk en daarom kyk ek na die 20ste Maart van die Gregoriaanse kalender wat die begin van ons Skrif kalender jaar is m.a.w. 1ste Abib.
Wat ek volgende na kyk is die 5de dag van die eerste maand Abib (Maart). Nou die 5de dag van die eerste maand (Maart) moet homself kan herhaal en daarom die 28jaar siklus. Die spesifieke dag en maand herhaal hom vier maal in daardie 28jaar.
Die 6000 jaar kalender hier langsaan sal jy die hakkies opmerk waar ek sekere belangrike gebeurtenisse uitlig. Jy kan ook die hakkie gedeeltes in die lig sien dat dit ‘n ingryping en hulp tydperk was.
Nou daardie 28j siklus is op verdeel in 6jaar; 5jaar, 6jaar en 11jaar. Let ook op dat die punt van die hakkie na die 5de jaar wys.

Hier volg die gebeurtenis van daardie spesifieke jaar:

Die nul jaar = Adam word geskape
1652 = Noag klim in en uit die Ark
2016 = Abram trek uit tussen die Babiloniërs
2660 = Moses trek met die volk
4004 = Geboorte van YAHUSHA
4032 = Opvaring van YAHUSHA

Wat baie interessant is, is dat elke jaar wat ek uitwys ‘n Sabbatsjaar is. ‘n Sabbatsjaar is ‘n jaar waar die getal 7 gelykop ingedeel moet word (*Net tot inligting moet ons weet as jy ‘n Sabbatsjaar wil uitwerk moet jy van die skepping af werk en nie van die jare na of tydens YAHUSHA nie, want die tyd en tye is aan gekrap deur Ha satans kinders bv. die jaar 2020 is nie gelykop deelbaar deur 7 nie maar wel 6020*).

Die volgende uitwysing gaan jy jou hande kan saamslaan en VADER prys. As jy die Boervolk in die kalender wil inbring kry jy die volgende: Die jaar 1652 waar Jan van Riebeeck voet aan wal geslaan het is dieselfde datum waar Noag ook “voet aan wal” geslaan het. Dus die hulp of uittog na die oorloë bo in Europa was 1652 ----------

Ek sluit met Gen.6:3 Toe sê die VADER: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. VADER spreek in Henog se tyd wat die jaar 666j was, dus 120j x 50j = 6000 jaar. 6000j + 666 = 6666jaar of 2666 waarvan die tyd verkort sal word.

‘n Paar reddings-datums wat na gekyk kan word is:

6020/2020 = Redding en wederkoms. Moontlike laaste uittog vir die volk
6048/2048 = Redding en wederkoms. Moontlike laaste uittog vir die volk
6076 /2076 = Redding en wederkoms. Moontlike laaste uittog vir die volk
6104 /2104 = Redding en wederkoms. Moontlike laaste uittog vir die volk